

HOOFSTUK III

REAKSIE OP DIE RAPPORT VAN DIE ONDERWYSKOMMISSIE VAN 1879 TEN OPSIGTE VAN MEDIUM, INHOUD EN METODE VAN HOLLANDS EN ENGELS 1879 TOT 1892

1. DIE INVLOED VAN DIE OPENBARE MENING OP DIE MEDIUM VAN ONDERRIG

Inleiding

Die periode 1879 tot 1892 is van tweërlei belang. Eerstens sou die uitwerking van die kommissierapport van 1879 gedurende hierdie tydperk ten volle geopenbaar word en tweedens sou die aanleidende oorsake vir die ondersoek van 1892 uitkristalliseer.

In hoeverre is die aanbevelings van die kommissie van 1879 ten opsigte van Hollands en Engels in die skoolwese toegepas? Uit 'n wetlike oogpunt gesien, het Hollands en Engels op 'n gelyke voet gestaan. Die vraag was egter nog steeds wat die praktiese implikasies en wat die openbare mening oor die saak was.

(a) Reaksie van die pers

Verskeie koerante, waaronder „De Zuid-Afrikaan“, het nou, na die verslag van die kommissie van 1879, eers besef en duidelik gesien in watter swak posisie Hollands werklik verkeer. Die stem wat hierdie koerant dus nou laat hoor het, was 'n wekroep en 'n oproep op samewerking en ontwaking: „Ons stelsel van opvoeding ging uit van de stilzwijgende veronderstelling dat het volk geen ander taal spreekt dan de Engelsche, Engelsche boeken en afschriften namen langamerhand de plaats in der Holland-sche. Dit alles kan geen andere uitwerking hebben dan dat het opkomend geslacht met onverschilligheid zoo niet

met verachting op de Moedertaal begon neder te zien, als de taal der minder ontwikkelde, -"1)

Die Hollandse taal het, ondanks die moedige optrede van die kommissie van 1879, steeds die een gevegsterrein na die ander afgestaan. Nou eers is die oë van taalkundiges geopen en besef dat dit byna te laat is vir enige ommekeer. Gelukkig het die Afrikaner nou wakker geskrik en het koerante en tydskrifte fel kritiek uitgespreek teen die bestaande toestand. Die gevaar bestaan dat die opkomende geslag geheel Engels georiënteerd sal wees: „Men spreek, skryft, leest, denkt in het Engelsch, en iemand behoeft waarlijk geen profeet te zijn om te kunnen voorzien, dat als het zoo blijft voortgaan, de taal der vaderen geheel uitsterven zal"2)

Die grootste waarde van die kommissie van 1879 is dan juis daarin geleë dat dit die oë oopgemaak het vir die werklike toedrag van sake en dat die koerante en ander tydskrifte die saak verder gevoer het. n Direkte uitvloeisel van die werk van die kommissie van 1879 was die benoeming van n kommissie in 1881 wat die toestand van Hollands deeglik moes ondersoek.

(b) Die reaksie van dr. Langham Dale

In 1880 het Dale sy onderwysverslag gepubliseer oor die aanbevelings van die Onderwyskommissie van 1879, waarin hy skrywe dat Engels tot op daardie stadium nog altyd die voertaal was in eerste- en tweedeklas-skole en dat hy nog nooit enige klagte teen hierdie reëling gehoor het/ 62.

1) „De Zuid-Afrikaan", 6 Mei 1890.
2) Ibid.

het nie. In alle ander skole word Engels as voertaal sover prakties moontlik gebruik en aangesien dit al die jare goed gewerk het, is dit nie wenslik om enige verandering aan te bring nie.

Dale wys egter daarop dat onthou moet word dat daar ses tale bestaan wat in die Kolonie se skole erken word. Terwyl alle tegemoetkomendheid deur die Departement teenoor die studie van die moedertaal bewys word, watter een dit ook al is, kan hy die nadele nie oor die hoof sien waaronder diegene wat net in die moedertaal onderrig ontvang, altyd sal ly wanneer hulle voortgaan na die vertakkings van hoër onderwys wat in Engels gegee word en deur die Universiteitseksamens getoets word en wat natuurlik in die Engelse taal afgeneem word nie.¹⁾

(c) Rapporte deur die inspekteurs van onderwys

Beide die inspekteurs Donald Ross en A.N. Rowan het in hulle rapporte belangrike mededelings gemaak. Ross maak byvoorbeeld die baie vakke wat op skool aangebied word, en wil graag sien dat eers die basiese vakke lees, skryf en reken aandag moet ontvang. Hy sê verder dat as in aanmerking geneem word dat die hele bevolking byna twee tale praat, dan kan begryp word hoe 'n groot fout dit in die onderwys is om leerlinge met nog twee klassieke tale te wil oorlaai.²⁾

2. DIE INVLOED VAN DIE HOLLANDSE TAALKOMMISSIE VAN 1881 OP DIE MEDIUMVRAAGSTUK

(a) Die Onderzoek van hierdie kommissie

Die Hollandse taal en die Hollandse bevolking was sinoniem en alles wat vir die Hollandssprekende

Afrikaner/ 63.

1) Rep. of S.G.E., 1882, 12.

2) Voorlopig Rapport over den Staat van Het Onderwys in de Kolonie Kaap de Goede Hoop, door Donald Ross, 1880, 28.

Afrikaner dierbaar was, hang saam met sy taal. Die gedagte het steeds meer en meer posgevat dat hulle die oue nie wil behou omdat dit oud is nie, maar wel omdat dit waarde besit: „Met het verloren gaan van de Hollandsche taal, zou zooveel dat den Hollandschen Afrikaner alledierbaarst moet zijn, verloren gaat, de oude zeden en gewoontes verdrongen worden door nieuw-modiesche die geheel in overeenstemming zijn met de verlichte denkbeelden van de verlichte negentiende eeuw.”¹⁾

Van Afrikanerkant het verskeie organisasies hulle nou begin beywer vir Hollands en soveel druk uitgeoefen dat die Wetgewende Raad verplig was om die 1881-kommissie aan te stel „to enquire into and report upon the teaching of the Dutch language in Public Schools.”²⁾

Hierdie kommissie het o.a. die volgende persone ondervra: J.H. Hofmeyr, prof. Mansvelt, inspekteur A.N. Rowan en dr. Hahn.

Na n deeglike ondersoek het die kommissie die volgende verslag uitgebring: „This Committee beg to report that, after examining several witnesses competent to judge they have come to the conclusion that the Dutch language should be taken more notice of an taught in public schools, and the subject having been thus prominently brought to the notice of the Legislature, this Committee are further of opinion that the attention of the Government be directed thereto with the view of taking such steps during the approaching recess as the circumstances of the case merit.”³⁾

J.H. Hofmeyr/ 64.

-
- 1) Almanak voor de Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika, 1891, 22.
2) Rep. on Dutch, 1881, IV.
3) Ibid., 1880, V.

J.H. Hofmeyr sê o.a. dat die gevoel van ontevredenheid uit die feit spruit dat daar nie voldoende voorsiening vir die onderrig van Hollands in die departementele skole gemaak word nie. So is Engels byvoorbeeld die medium in alle nie-sektariese eersteklas-skole waar Hollands 'n belangrike element uitmaak. In die derdeklass-skole moet die medium van onderrig na die eerste twaalf maande Engels wees. Ook is dit die geval in tweedeklass-skole en ook in sendingskole.

Die mening van J.H. Hofmeyr is dan ook, en hy stel dit baie duidelik, dat Hollands in die gewone skole onderrig moet word. Voorts wys hy ook daarop dat die ouers nou meer daarop aandring dat hulle kinders Hollands moet leer. Hieroor druk hy hom soos volg uit: „Formerly parents thought that their children obtained a sufficient knowledge of Dutch without any school teaching, but now they are finding out that they were mistaken.”¹⁾

Prof. Mansvelt wys ook daarop dat die keuse van onderrig nie aan die ouers oorgelaat behoort te word nie, want baie van hulle meen verkeerdelik dat onderwys sinoniem is met Engels leer:

„I do not think it should be left to the parents' choice indiscriminately, because many parents have the false notion that the only true mark of education consists in a knowledge of English, however superficial it may be.”²⁾

Deur prof. Mansvelt word verder daarop gewys dat 'n kind in sy eerste skooljare deur sy moedertaal onderrig/ 65.

1) Rep. on Dutch, 1881, 3.
2) Ibid., 5.

onderrig moet word. Hy beskou dit as 'n opvoedkundige fenomeen. Hollandssprekende kinders moet deur medium van Hollands en Engelssprekende kinders deur medium van Engels onderrig word tot op 'n sekere stadium:

"There is no way of bringing any knowledge to a child's mind but through the language it speaks."¹⁾

Van die 66 sendingskole waarvan inspekteur Rowan weet, gee nie een onderrig in Hollands nie. Verder wys hy daarop dat van die 70 nie-sektariese skole daar slegs 46 is waar Hollands in sy area onderrig word. Van die 121 sektariese skole is daar 55 wat Hollands onderrig.²⁾

Toe aan Rowan pertinent gevra word of hy 'n jongman of jongdame wat nie Engels magtig is nie, as opgevoed sal beskou, antwoord hy summier dat hy sulke persone nie as bekwaam kan beskou nie:

"Moreover as this is an English Colony, it is of the utmost importance where children remain some time at school that English should form an essential part of the course of instruction. I have often noticed that well-educated young men who understand both Dutch and English prefer using the latter both in conversation and their correspondence."³⁾

(b) Die erkenning van Hollands as medium van onderrig van staatsweë 1882

Daar het nou nuwe belangstelling in Hollands gekom. Hierdie ontwaking of verset is eintlik van tweërlei/ 66.

1) Rep. on Dutch, 1881, 6.
2) Ibid., 7.
3) Ibid., 9.

tweërlei aard of oorsprong, naamlik aan die een kant het die gedagte teëkanting uitgelok dat as jy nie Engels kan praat, jy nie opgevoed is nie, en andersyds het die gedagte by opvoedkundiges ontstaan waarom die kennis van Engels as die enigste kriterium vir bekwaamheid moet geld.

Die aanbevelings van die kommissie van 1879 tesame met die bevindings van die kommissie van 1881 asook die druk wat deur die kerk en ander organisasies uitgeoefen word, het die regering genoodsaak om verandering in die toestand aan te bring. Daar is benewens hierdie reeds genoemde aspekte ook nog petisies gedurende die parlamentsitting van 1881 ingedien waarin daar gevra word dat dit aan plaaslike besture gelaat word om te besluit of Hollands of Engels die taal van die skool sou wees.

Die kommissie het op 16 Mei 1882 sy verslag gereed gehad en is dit aangeneem. Die regering is o.m. versoek om 'n wetsontwerp in dier voege voor te lê. Die saak is deur die regering aan die S.G.O. voorgelê wat sekere reëls en regulasies opgestel het wat op 19 Junie aanvaar is.¹⁾

Oor die medium van onderrig word daar soos volg berig: Die gebruik van òf Engels òf Hollands as medium van onderrig is wettig sedert 1882 toe die volgende gepasseer is: „zooveel van de School Regulaties vervat in de Schedule van de Onderwijs Wet, 1865, als tegenstrijdig of onbestaanbaar moge zijn met de voorafgaande Regulaties en zooveel als bepaalt dat het onderricht gedurende de gewone school uren gegeven zal worden slechts/ 67.

1) Hansard 1882, 444, 697.

slechts door middel van de Engelsche Taal, wordt mits deze herroepen."¹⁾

Ooreenkomstig hierdie regulasies verskyn die volgende inleidende nota in die offisiële publikasies wat die skoolkursus bevat: Skoliere mag òf Engels òf Hollands neem vir hulle eksamens. Indien beide Hollands en Engels geneem word, hoef sodanige kandidate net die helfte van sowel die Engelse as die Hollandse leesboek voor te berei.²⁾ Hierdie keuse van die medium van onderrig berus by die skoolkomitee. Die skoolkomitee is van mening dat dit altyd wenslik en byna noodsaaklik is dat onderwysers en inspekteurs beide tale ken. Daarom beveel hulle aan dat ten minste van alle toekomstige inspekteurs verwag kan word dat hulle albei tale magtig is by hulle aanstelling en indien nie, dan binne n jaar vanaf hierdie datum:

"Uw comité wenscht erop te wijzen dat het Departement gedurende vele jaren reeds inspecteurs, die geen Hollandsch kenden bij hunne aanstelling, gelastte zich in dat opzicht zoodra mogelijk te bekwamen."³⁾

Die deel van die wet van 1865 wat Engels as uitsluitlike voertaal vasgestel het, is dus nou herroep sodat daar nou hoegenaamd geen positiewe statutêre bepaling omtrent die voertaal op skool was nie en die keuse in die praktyk aan die plaaslike bestuur gelaat is.⁴⁾

Die/ 68.

1) Rep. of Select Com. on Educ., 1907, XXIII.

2) Ibid.

3) Ibid.

4) Celliers: Die stryd van die Afrikaanssprekende in Kaapland om sy eie skool, 124.

Die nuwe wetgewing het dus darem n mate van verligting gebring. Hoewel daar ten opsigte van die medium geen positiewe bepalings was en Hollands as vak en as voertaal nie altyd verpligtend was nie, was daar darem nou n groter mate van vryheid deurdat die nuwe wetgewing ewe veel Hollands as Engels vergun het sowel wat die taal en as medium betref. Met ander woorde: van 1882 af was sowel moedertaalonderwys as enkelmediumskole wettig en teoreties moontlik.

Alhoewel hierdie genoemde regulasies n verbetering op die gebied van die Hollandse taal gebring het wat die wetsaspek betref, kry ons nou die volgende toestand: omdat Engels sedert 1822 die hooftaal in alle skole was, het die onderwysers algaande met die Engelse idee versoen geraak en die nageslag met hierdie idee grootgeword. Noudat hierdie verandering teweeggebring is, is die onderwysers nie bekwaam om onderrig in Hollands te gee nie deurdat die meeste van hulle opleiding alleenlik in Engels gehad het.

3. DIE VERBETERING VAN INHOUD EN METODE TEN OPSIGTE VAN DIE ONDERRIG VAN HOLLANDS GEDURENDE DIE TYDPERK 1879 - 1892

Inleiding

Om die verhouding van Hollands tot Engels te bepaal, is dit goed dat die volgende getalle in oënskou geneem word. In eersteklas-skole neem ongeveer een-vyfde van die leerlinge Hollands en almal neem Engels; in die tweedeklas-skole neem een-derde Hollands en almal behalwe twee uit 904 neem Engels; in die derdeklas-skole leer die helfte Hollands en vier-vyfdes neem

Engels/ 69.

Engels; in sendingskole neem twee-vyfdes Hollands, een-tiende „Kaffer“¹⁾ en nege-tiendes leer Engels. Die volgende tabel gee n nadere aanduiding:²⁾

	First class schools	Second class schools.	Third class schools.	Mission schools.
Percentage of pupils learning English and Dutch	21	35 $\frac{3}{4}$	31	30
Percentage of pupils learning English only of the three languages	0	0	0	0
Percentage of pupils learning Dutch only of the three languages	0	$\frac{1}{4}$	19	11

Inspekteur Brady gaan verder en sê dat hy net van twee skole weet waar geen Engels onderrig word nie en in een van hulle is daar n verandering aangebring. Dit blyk dus dat n groot persentasie leerlinge sowel Hollands as Engels neem. Dan bewys die tabel ook dat daar geen enkele leerling is wat net Engels neem nie, terwyl die 19% leerlinge wat in die derdeklas-skole net Hollands neem, skool toe gestuur word om onderrig in lees en skryf te kry en hulle is boonop groot seuns en dogters.

(a) Die verbetering van die inhoud ten opsigte van Hollands

Op die gebied van Hollands het daar gedurende hierdie periode n tydperk aangebreek wat gekenmerk was deur/ 70.

1) „Kaffer“ gebruik as Bantoetaal.

2) Supplement to the Rep. of S.G.E., 1888, 16.

deur 'n fenomenale groei. Selfs die sienswyse van die S.G.O. het aansienlik verander. In 1880 weier Dale nog om die oplossing van die moeilike vraagstuk naamlik Hollands- of Engelsmedium aan die bestuurders van skole oor te laat. Dieselfde Dale sê in sy jaarrapport van 1884 :

„De daadzaak is dat er in de meeste scholen onder de Hollandsch sprekende bevolking bevredigende schikkingen zijn gemaakt door de bestuurders, niet alleen met mijne toestemming, maar op mijn raad, om geregeld en voldoende onderrigt te geven in de Hollandsche taal.¹⁾

'n Aansienlike verbetering op die gebied van die leerplansamestelling van Hollands is die feit dat in die vraestel van 1880 daar opstelonderwerpe gegee is waaroor opstelle geskryf moes word.²⁾ Hierdie opstelle was op die stadium nie veel meer as 'n reproduksie in eie woorde van 'n stuk geskiedenis nie waar persoonlike belewenis en ervaring heeltemal uitgeskakel is.

In 1882 is kennis gegee dat Hollands een van die keusevakke vir die „School Examination for Honours“, sou wees. Benewens vertalings uit Engels in Hollands en omgekeerd sou ook taalvrae gestel word. Hierdie eksamen is afgeneem na die bekende „Elementary Examination.“³⁾

Dit kan baie moeilik begryp word hoe vrae oor die taalwerk gestel kon word wat so moeilik was as die vrae in die vraestel van 1882. Baie van hierdie vrae was niks minder as blokkiesraaisels nie. Die volgende aanhaling dien as duidelike bewys:

„Fill/ 71.

1) Rep. of S.G.E., 1884, 91.

2) Calendar of University, 1881, CXI.

3) Ibid., 1883, 341.

„Fill up the blanks and also the wanting points in the following lines:

„O Pharos! wierp d--- tijd uw trot ---- vuurbak neer!
Manzoal, is van u --- graf minst bewijs niet meer!
Is --- kort, kan niets op aard zijn eerst --- glans
bew---ren, ens."¹⁾

Wat die matrikulasie-eksamen van 1883 - 1892 betref, is dit opmerklik dat geen opstelle in hierdie vraestel gegee is nie. Verder toon hierdie vraestel met enkele uitsonderings geen verandering nie.²⁾

Daar was dus wat die inhoud van Hollands betref wel enkele toevoegings wat verblydend was, maar in die geheel gesien, was daar slegs sporadiese veranderings en verbeterings. So berig Rowan oor die Westelike Provinsie dat daar wel vooruitgang was: „The reading, spelling, dictation, grammar and translation in most of the schools were very creditable. Dutch composition is taken up by several schools and with fair results."³⁾

(b) Die onbevredigende metode in Hollands duur voort

(i) Die metode in grammatikaonderrig

In Desember 1883 verskyn n artikel deur Van der Tuuk in „Het Zuid-Afrikaansch Tijdschrift" onder die opskrif „Hoe moet het Hollandsch geleerd worden." Hierdie artikel is nie alleen insiggewend nie, maar toon ook duidelik aan dat daar in n meer positiewe rigting begin dink word. Onder meer word daar beweer dat te veel tyd aan die onderrig van grammatika bestee word.

Die/ 72.

1) Calendar of University, 1883, 342 - 344.

2) Ibid., 1883, 165 - 166.

3) Rep. of the S.G.E., 1885, Appendix.

Die algemene sienswyse was: „mijn zoon moet grammaticaal Hollandsch leeren spreken en schrijven.“¹⁾ Van der Tuuk sê dat hierdie opvatting dikwels gehoor is en dat daar niks mee verkeerd is om grammatikaal korrek te wil skryf nie, maar die spreektaal verskil heeltemal. Die persoon wat hierop aandrang, maak hom heeltemal bespotlik. Die naamvalle „des“, „der“, „den“ en afskuwelike woorde soos „hetzelfde“, „dezelve“, „deszelfs“ en voornaamwoorde soos „gij“ word nooit in beskaafde gesprekke gehoor nie.²⁾

J. van der Tuuk gaan verder in hierdie artikel en wys daarop dat die kind eers moet leer praat om sodoende sy gedagtes suiwer en natuurlik uit te druk voordat met die spraakkuns begin word. Die kind is op hierdie stadium (7 - 9 jaar) besonder ontvanklik vir indrukke en hy kan baie geleer word sonder dat hy kan lees of skryf. Natuurtonele, byvoorbeeld, sal die verstandjie prikkel om vrae te stel en stories sal hom boei.

Die groot fout wat in die reël gemaak word ten opsigte van die onderrig van grammatika is dat die leerboek voetstoots nagevolg word. Dit is om hierdie rede dat kinders die leerboeke en die onderwysers as natuurlike vyande beskou.³⁾

Wat die onderrig van taalwerk betref, skort daar dus nog veel. Die vermoë om Hollands grammatikaal korrek te skryf, word selfs nie eens by die leerlinge in die beste skole aangetref nie. Inspekteur Edmund de Beer het hom voor die ring van Kaapstad oor hierdie veelbesproke/ 73.

1) Het Zuid-Afrikaansch Tijdschrift, Des. 1883:
„Hoe moet het Hollandsch geleerd worden“.

2) Ibid.

3) Ibid.

veelbesproke saak uitgelaat. Hy sê o.m. dat wat die onderrig van Hollands betref, die toestand geensins bevredigend is nie. Die leerlinge kry slegs 'n oppervlakkige kennis van Hollands en dit is ontoereikend om die Hollandse taal prakties te gebruik. Dit word selfs betwyfel of leerlinge die taal verstaan behalwe miskien die elementêre geskrifte. Daar is dus weinig vooruitsig dat nadat leerlinge die skool verlaat het, hulle enige boeke in Hollands sal lees. Die volgende aanhaling staaf hierdie mening van die inspekteur:

„Met uitzondering van een paar scholen, brengt men het niet verder dan vertalen uit 't Hollandsch in 't Engelsch, het welk hierop neerkomt, dat de leerlingen 't Hollandsch wel lezen en verstaan, maar zich daarin niet uitdrukken kunnen.“¹⁾

(ii) Die metode in lees

Uit die inspekteursrapport van A.N. Rowan kan duidelik afgelei word dat die toestand van afdeling tot afdeling verskil en dat die vereistes en standaard dienscoreenkomsig verskil. Die S.G.O. het self geen moeite ontsien om op hoogte van sake aangaande hierdie aspek van die taalonderrig te kom nie. In hierdie verband het die S.G.O. dikwels sy kritiek uitgespreek om sodoende 'n beter metode van onderrig aan te moedig. So berig hy o.a. in sy rapport van 1888:

„I attribute this unsatisfactory progress to the little attention given by the generality of teachers to the explanation of the subject matter. Year after year I

have/ 74.

1) Die Kerkbode, 1889, 306.

have to remind the same teachers that reading without intelligence is all but useless.¹⁾

Daar is, wat die metode van leesonderrig betref, dus nog baie tekortkominge. Die S.G.O. beklemtoon dit weer eens dat akkurate uitspraak van belang is en ook dat die kind moet leer om te begryp wat hy lees. Onderwysers gee ook nie verduideliking van die les nie. Gewoonlik voer die onderwysers gebrek aan tyd aan as oorsaak vir hul tekortkominge.

'n Interessante gedagte is op hierdie terrein deur Van der Tuuk gelig. Hy sê o.m. dat nie die woord nie maar wel die sin as uitgangspunt by leesonderrig geneem word. Die leerling moet leer om te verstaan wat hy lees, daarom moet die sinne aanvanklik baie kort wees. As die kind klaar gelees het, moet hy dit wat hy gelees het, navertel. Dit leer die kind opmerkzaamheid. Volgens hom is natuurlikheid en eenvoud die hoofsaak wat altyd in gedagte gehou moet word.²⁾

(iii) Die metode by vertaling

Aan vertalingsoefeninge is baie aandag gegee en die S.G.O. beroem hom daarop dat hy steeds geprobeer het om albei tale te bevorder deur middel van vertaling en mondelinge verklaring van gedeeltes. Die daaglikse program van skole in die Hollandssprekende areas is soos volg ingedeel: „Bible instruction and religious exercises in the Dutch language, Arithmetic, Geography, History etc. English reading and translation into Dutch

and/ 75.

1) Rep. of the S.G.E., 1888, 7.

2) Het Zuid-Afrikaansch Tijdschrift, Jan. 1884.

and Dutch reading and translation into English."1)

(c) Samevatting

Volgens die onderwysverslae en rapporte kan opgemerk word dat daar wel vordering op die gebied van die onderwys was. Daar is selfs aandag aan Hollands in skole gegee waar dit voorheen nie die geval was nie. „Of late an increased attention has been paid to Dutch in schools where formerly it had been all but neglected."2)

Die Siviele Diens-Eksamen, waarin Hollands nou n verpligte vak was, het as stimulus vir die Hollandse taal gedien waar dit in baie skole tot dusver oor die hoof gesien is. Die Hollandse taal het nou geleentheid tot groter moontlikhede en alhoewel idiomatiese Hollands nie juis korrek gepraat word nie en miskien nie as n suiwer taal sal voortbestaan nie, „in the course of a few generations," a language may arise under our sunny sky less inflectional and more musical than the language of Holland." 3)

Die swak posisie van Hollands word daaraan gewyt dat Engels die medium van onderrig is. So lank die leerlinge maar net n paar uur onderrig per week ontvang, so lank die literatuur byna geheel Engelse literatuur is, „zoo lang schijnt de zaak van Hollandsch hopeloos te zijn."4) Darling is vir ons n mooi voorbeeld. Hoewel Hollands daar n sterker houvas gekry het as elders en veral in die Kaapse skole, „wordt het ook daar niet verder gebracht/ 76.

1) Rep. of the S.G.E., 1890, 12.

2) Ibid., 1888, 8.

3) Ibid.

4) Die Kerkbode, 1889, 306.

gebracht dat goed lezen uit Hollandsch, goed schrijven naar dictaat, goed vertalen uit Hollandsch in Engelsch goed ontleden."¹⁾

Op die platteland is daar wel 'n groeiende begeerte te bespeur om onderwysers aan te stel wat beide Hollands en Engels verstaan. Van die onderrig op die platteland sê inspekteur Rowan: "The reading, spelling, dictation in most of them are very credible. Dutch composition is taken up by several schools and with fair results."²⁾

Die periode tussen 1879 en 1892 het dus 'n steeds groter behoefte getoon aan die onderrig van Hollands en op sy beurt net dit weer 'n behoefte geskep aan fasiliteite en toebehore. Godsdiensonderrig is merendeel deur medium van Hollands gegee, maar Rekenkunde, Geskiedenis en Aardrykskunde is weer deur medium van Engels gegee, "with oral explanation in Dutch where necessary."³⁾

4. DIE VERBETERING VAN DIE INHOUD EN METODE VAN ENGELS

(a) Verbetering van die inhoud van Engels

Ten spyte van die aanbevelings van die kommissie van 1879 het die toestand op die gebied van Engels en veral wat die leerplansamestelling betref, dieselfde gebly. Dit sou nog dieselfde bly tot met die ampsaanvaarding van sir Thomas Muir.

Die/ 77.

1) Die Kerkbode, 1889, 306.

2) Rep. of the S.G.E., 1890, 13.

3) Ibid., 12.

Die leerplan is steeds nog slegs in breë trekke gestipuleer. Dit word deur Muir as een van die groot tekorkominge van die onderwyssisteesem genoem. Hy sê in dier voege: „Indeed in the years immediately succeeding 1882 very little change occurred in the actual practice. Even in 1892, when I took up office, the state of affairs had not markedly altered.”¹⁾

Die onderwysers is oor die algemeen deur die leerboeke en eksamenvrae gelei. So is byvoorbeeld die volgende vereistes voorgeskryf wat die „School Elementary” betref:

„The English language, including writing-passages for dictation, parsing of words, etymology, analysis of sentences and English composition.”²⁾

Die leerplan vir skoolhoëreksamen behels min of meer dieselfde leerplan as vir die „Examination for Honours”. Die eksamen sal vrae oor grammatika en oor voorgeskrewe boeke insluit, toetse in spelling, ontleding van sinne, woordvorming en steloefeninge.³⁾

Daar is twee vraestelle gestel. Die eerste vraestel van 1½ uur sluit grammatika, woordvorming, sinsontleding, korrigeer van sinne en steloefeninge in. Vir die steloefeninge is neergelê dat 30 reëls oor een van drie onderwerpe geskryf moet word. Hierdie onderwerpe moet nie direk in verband staan met die leerboek nie.

Die/ 78.

1) Memorandum on the teaching of the English and Dutch languages in the C.P., 1910, 1 - 2.

2) Calendar of University, 1875, 141.

3) Ibid., 139.

Die tweede vraestel, ook van $1\frac{1}{2}$ uur, het vrae oor voorgeskrewe boeke en parafrase ingesluit. Die oefening oor woordvorming sal nie verder strek as die bepaling van die stam en die gebruik van voor- en agtervoegsels nie.¹⁾

(b) Enkele verbeteringe aangaande die metode van onderrig in Engels

(i) Opmerking oor die metode oor die algemeen

Wat die metode van onderrig in Engels betref, het daar wel op sommige terreine verbetering gekom soos aangetoon sal word in die onderskeie afdelings van die werk.

Daar was egter ook hier nog heelwat probleme en onopvoedkundige metodes aan die orde van die dag. Dit moet steeds in gedagte gehou word dat Engels 'n tweede taal vir die meeste van die leerlinge was en dit is juis hier waar baie gefouteer is. Die leerstof was te moeilik en het nie rekening met die verstandelike ontwikkeling van die kinders gehou nie: „Very frequently the reading books are far too advanced for the children.”²⁾

Die voorgeskrewe leerboeke was nie alleen te moeilik nie, maar ook heeltemal oninteressant. Dit was haas onmoontlik vir 'n taalonderwyser om enige belangstelling in lees te probeer wek met 'n onderwerp soos: „Colonial Rule of the Dutch East India Company”, „The History of the Cape”, ens.

(ii)/ 79.

1) Calendar of University, 1875, 139.

2) Cape of Good Hope, Rep. of S.G.E., 1885, XXXIV.

(ii) Die metode van lees in die besonder

Wat die metode van lees betref, is dit voorgeskryf deur die bekende „Royal Reader“-reeks wat uit vier dele bestaan het. In die klas is die lesse hardop gelees, dikwels sonder dat die onderwyser n gedeelte interessant voorgelees het. Daar is slegs n bietjie aandag gegee aan uitspraak, maar moeilike gedeeltes is nie verklaar nie en die leerlinge het byvoorbeeld nie gedeeltes gekry om tuis voor te berei nie. Volgens die rapporte van inspekteur Brady was daar tog sommige sentrums waar goeie werk gedoen is en waar hierdie baie belangrike deel van die werk interessant aangebied is:

„Reading is now frequently taught very fairly, sometimes excellently. The English reading books are, except in very few schools, interesting and well illustrated.“¹⁾

(iii) Die metode in diktee

Die gedeelte wat vir diktee gebruik is, is uit die leesboek geneem. Daar is ook duidelik voorgeskryf hoeveel foute n leerling mag maak wanneer diktee geskryf word. Daar is byvoorbeeld neergelê dat n leerling in st. III ses reëls moet skryf en dan nie meer as ses foute mag maak nie. Dit is van die leerlinge verwag om die gedeeltes van buite te leer.²⁾

(iv) Die metode in grammatika

Van die talle taalwerkboeke wat daar was, is die volgende twee seker die belangrikste: „A short English Grammar“, deur J.M.D. Meiklejohn en „English

Grammar,/ ... 80

1) Supplement to the Rep. of the S.G.E., 1888, 16.

2) Preliminary Rep. on the state of Educ., by Donald Ross, 1883, 26 e.v.

Grammar, Past and Present, (in 3 parts)" van J.C. Nesfield. Die feit dat elkeen van hierdie werke naastenby 400 bladsye beslaan het, toon aan hoe omvattend die taalwerk behandel is.¹⁾

Daar is reeds al in st. I n aanvang gemaak met grammatikaonderrig en die werk wat behandel is, was besonder moeilik. Van n st. VI-leerling is byvoorbeeld verwag om n gedeelte van n bekende outeur te ontleed en die verband van sinne aan te dui.²⁾

Wat veral kenmerkend was van die metode van taalonderrig is die baie definisies en uitsonderings op reëls wat van buite geleer moes word. Die volgende is n paar voorbeelde van definisies:

"What does etymology include? What is meant by a part of speech, and what is the difference between parsing and analysis." Hierdie voorbeelde is in die elementêre eksamen in 1887 en 1889 onderskeidelik gevra.³⁾

(v) Die metode in stelwerk

Van werklike individuele skeppingswerk was daar nog nie sprake nie. Dikwels is onder stelwerk verstaan dat leerlinge n storie wat hulle gelees het, moet kan reproduseer. Onderwerpe oor die geskiedenis het baie voorgekom. Die onderwerpe is aan die leerlinge verstrekk. Dikwels was die onderwerpe moeilik en daar is geensins n bespreking oor die onderwerpe
gevoer/ 81.

1) Fourie: Syllabus and Textbooks, 92.
2) Rep. of the S.G.E., 1894, XIV.
3) Fourie: t.a.p., 192, e.v.

gevoer nie, ook is nie n raamwerk gegee nie, maar die leerlinge moes self die onderwerpe interpreteer.¹⁾

Die onderwyser het dikwels aan leerlinge n gedeelte gegee wat hulle twee keer moes deurlees en dan n uittreksel daarvan maak. In st. V is aandag aan hierdie aspek gegee.²⁾

(vi) Metode in vertaling

Nog steeds is baie aandag aan vertalings-oefeninge gegee. In baie skole is die Engelse leesles in Hollands vertaal en omgekeerd. As n leerling nie die betekenis van n woord wat in sy leesles voorkom, kan gee nie, is hy toegelaat om dit in Hollands te verduidelik en as hy dit reg doen, is aangeneem dat hy verstaan wat hy lees.

(c) Samevatting

Daar was dus n mate van verbetering wat sommige afdelings van die werk betref, maar dit is nog oorskadu deur die talle gebreke in die onderwyssisteem. Ross wat meen dat hy die eerste persoon was wat in die posisie was om te oordeel, sê: „the system had concentrated energy upon the top, and neglected the basis of education and reported that the level of instruction was very low indeed.”³⁾

Ondanks die aanbevelings van die kommissie van 1879 was daar dus nog teen 1892 rede tot ontevredenheid ten opsigte van die taalonderrig. Om hierdie rede moes die kommissie van 1891 aangestel word om toestande te ondersoek.

5./ 82.

1) Rep. of the S.G.E., 1894, XIV.

2) Ibid.

3) Special Rep. on the Systems of Educ. in C.C. and Natal, 1901, 61.

5. KRITIESE SAMEVATTING

(a) Die erkenning van Hollands ook as medium van staatsweë in 1882

n Duidelike bewys van die toewyding van die kommissie van 1879 is die erkenning van Hollands in 1882.

Die Hollandse taal het, uit n wetlike oogpunt gesien, veel opgang gemaak van 1865 tot 1882. Wat die posisie van Hollands as vak betref, het die bepaling soos volg gelui: skoliere mag nou Hollands of Engels as vak neem. Indien beide Hollands en Engels geneem word, hoef net die helfte van die Engelse en Hollandse leesboeke voorberei te word.¹⁾

In die Proklamasie van Julie 1882 is ook die volgende addisionele toegewing gemaak: waar dit wenslik is vir die onderrig van Hollands in die gewone skoolkursus sal die regering verwag dat die hoof of een van die assistent-onderwysers bekwaam sal wees om ook onderrig in daardie taal te gee en dat hy dit ook sal doen.²⁾

Wat die voertaal betref, is die deel van die wet van 1865 wat Engels as uitsluitlike voertaal vasgestel het, herroep, sodat daar nou hoegenaamd geen positiële statutêre bepaling omtrent die voertaal op skool was nie en die keuse in die praktyk aan die plaaslike owerhede gelaat is.³⁾

(b)/ 83.

1) Rap. van het Gekozen Comité over de Hollandsch Taal, 1906, XIX.

2) Cape of Good Hope, Proclamation No. 113, July, 1882.

3) Ibid.

(b) Die posisie van Hollands in die praktyk

In werklikheid het die posisie in die praktyk nie veel verander nie. Die rede hiervoor was dat die Engelse regime wat van 1822 af met 'n ferme hand toegepas is, 'n te sterk houvas op die onderwyserskorps gekry het. Dit is om hierdie rede dat Muir by sy oorname verklaar het: „Indeed ... in the years immediately succeeding 1882 very little change occurred in the actual practice.“¹⁾ Selfs tot 1892 het die toestand nie veel verander nie: „In all town schools and in the great majority country schools English was then the one medium of instruction, the view of Dutch parents being that the children were sent to school mainly for the purpose of learning English.“²⁾

'n Ander rede waarom die rapport van 1879 en die wet van 1882 nie ten volle uitgevoer kon word nie, was dat die eksamens en die publieke diens nog altyd uitsluitlik Engels was, sodat die nuwe toegewings eintlik net op papier bly staan het. Die jaarverslae van die S.G.O. is bewys van die onbevredigende toestand met betrekking tot Hollands gedurende hierdie jare. In sommige distrikte gaan dit redelik goed, maar in ander word die Hollandse taal skromelik verwaarloos:

„In de verschillende parten van de kolonie de vereischten verschillen. In de West, Midland en Noordelijke distrikten, bekwamen onderwijzers om beiden Engelsch

en/ 84.

1) Memo. on the teaching of the English and Dutch languages in the C.P., 1910, 1 - 2.

2) Ibid.

en Hollandsch te onderrigten zijn gemeenlijk noodig, in de Oostelijke distrikten was daar geen groote aanvraag voor onderrigt in de Hollandsche taal.¹⁾

(c) Die houding van die S.G.O., Langham Dale

Miskien sou die rapport van die kommissie van 1879, ondanks die bogenoemde hindernisse, ook nog groter en verrykender gevolge gehad het as die nie vir die onsimpatieke houding van die S.G.O. was nie. In 1882 wys hy daarop dat daar ses tale bestaan wat in die Koloniese skole erken moet word, terwyl alle tegemoetkomendheid deur die Departement teenoor die studie van die moedertaal bewys word, watter een dit ook al is. Dog hy kan nie die nadele ignoreer waaronder diegene wat net in die moedertaal onderrig ontvang, gekortwiek sal word nie. Veel meer sal hulle in hul hoër studies gestrem word wat alleen in Engels gegee en ook slegs in Engels geëksamineer word.²⁾

Ook in sy laaste rapport openbaar Dale hom as die diplomatieuse S.G.O. Hy probeer nie openlik kant kies teen Hollands nie, maar tog kon hy die feit nie verberg dat hy aan Engels voorkeur gee nie. In dié verband merk P.S. du Toit op:

„n Bittere grief vir die Afrikaners was die houding wat hy (Dale) teenoor die Hollandse taal ingeneem het. Hy het geen beskerming aan Hollands in die opvoedingsinrigtings van die staat verleen nie.”³⁾

Dale/ 85.

1) Rapport van die S.G.O., 1890, 7.

2) Vos: Histories-Kritiese studie van die leerplan en leerboek, 116.

3) Du Toit: Onderwys in Kaapland, 1652 - 1939, 109.

Dale het egter nog wel verder gegaan en Hollands met „Kaffertaal" as keusevak gelyk gestel: „Toe in 1873 n Elementêre Onderwysersdiploma ingestel is wat reg verleen het tot die gee van onderwys in plaas- en sendingskole is Engels in die leerplan verpligtend gemaak terwyl Hollands met Kaffertaal as fakultatiewe studievak op gelyke voet gestel is."1)

Engels het in n groot mate die spreektaal geword, asook die skooltaal en dit was hierdie toestand wat die Taalbond so goed met die volgende woorde beskryf het: die volk het begin insien dat die teenwoordige stelsel van onderwys n groot nadeel inhou, nl. „dat het de taal van de grootste gedeelte der bevolking of te veel verwaarloost of slechts als een vreemde taal behandelt, dat de kinderen onzes volke bijna uitsluitend alle onderricht door middel van 't Engelsch ontvangen "2)

(d) Groot persentasie leerlinge nie onderhewig aan die invloed van die Engelse skole nie

Wat opmerklik was gedurende hierdie tyd, was dat n groot aantal leerlinge nie na die Engelse skole gegaan het nie. Uit n totaal van 99,280 leerlinge van skoolgaande ouderdom was nie minder nie as 39,270 in enige skool teenwoordig om onderrig te ontvang. Slegs 22,090 leerlinge was in ondersteunde skole. Daar was 17,697 in privaatskole en 20,223 is in sonagskole

onderrig/ 86.

1) Daleboudt: Sir T. Muir en die Onderwys in Kaapland, 292.

2) Het Z.A. Tijdschrift, Jan. 1891.

onderrig.¹⁾ As in aanmerking geneem word dat hierdie getalle betrekking het op die jaar 1888, word besef dat die Afrikaner beslis nie gediend was met die verengelsingsbeleid nie wat nog altyd aan die orde van die dag was.

(e) Groter ontevredenheid gee aanleiding tot die ondersoek van die kommissie van 1892

Van Afrikanerkant het daar nou 'n algemene ontwaking gekom. In 1890 stuur 'n kommissie van die Sinode van die Nederduits-Gereformeerde kerk vyf resolusies aan die Universiteit. Een van die resolusies lui dat in die matrikulasie-eksamen die Hollandse en Engelse vraestelle gelyke waarde sou hê in plaas van die toenmalige reëling waardeur dieselfde waardes aan Hollandse, Franse en Duitse vraestelle toegeken word en aan elkeen van hierdie 'n laer waarde as aan Engels. Die Hollandse vraestel moes ook in Hollands gestel word.²⁾

Die toenemende mate van ontevredenheid het daartoe aanleiding gegee dat die kommissie van 1892 aangestel is om die aangeleentheid te ondersoek.

HOOFSTUK/ 87.

1) Special Rep. on Systems of Educ. in C.C. and Natal 1901, 92.

2) Cape of Good Hope, Minutes of Council, 29 Nov. 1890.